Navrae
Enquiries V R GARDNER
IMibuzo
Telefoon
Telephone 467-2789
IFoni
Faks
Fax 467-2810
IFeksi
Verwysing
Reference 10/1/B
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF 0036/2001

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, ADJUNK-DIREKTEURE, AREA- EN KRINGBESTUURDERS, VAKADVISEURS, EDULIB, HOOFDE VAN SKOOLKLINIEKE EN ONDERWYSERSENTRUMS, HOOFDE VAN OLSO- INRIGTINGS WAAR GG VERVOER BENUT WORD, REKTOR VAN WES-KAAP ONDERWYSKOLLEGE EN VERVOER-BEAMPTES

## INDIENING VAN LOGSTATE

1. Die Departement van Vervoer het onlangs oorgeskakel na die Fleetman-rekenaarstelsel vir die administrasie van GG-vervoer. Die stelsel maak dit onnodig vir gebruikersdepartemente om kilometerlesing logstate (blou afskrifte) deur middel van vorm 1100 as 'n uitgawe op die Finansiële Bestuur Stelsel (FBS) te registreer. Die uitgawes word nou deur die Departement van Vervoer self via die Fleetman-stelsel op FBS geregistreer.

2. Dit is dus absoluut noodsaaklik dat die logstate stiptelik aan die einde van elke maand ingedien word. Die staande beleid van die Departement van Vervoer vereis ook dat logstate voor of op die 7de dag van die daaropvolgende maand by hulle ingedien word.

3. Die nie-indiening van logstate het nou ernstige afmetings aangeneem en die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is verplig om teen vervoerbeamptes op te tree wat hulle aan versuim in hierdie verband skuldig maak.

4. Vervoerbeamptes asook beamptes / kantore aan wie GG-vervoer uitgereik is, word versoek om alle uitstaande logstate ten opsigte van alle voertuie onder hulle beheer / aan hulle uitgereik tot einde Maart 2001 voor 7 April 2001 by Hoofkantoor vir aandag mnr V Gardner in te dien. Logstate moet hierna maandeliks voor die 7de dag van die daaropvolgende maand ingedien word. Die aangehegte skedule moet voltooi word en die logstate vergesel. Daar rus derhalwe 'n verantwoordelikheid op elke beampte wat van staatsvervoer gebruik maak om toe te sien dat logstate betyds aan die vervoerbeamptes besorg word.

5. Daar word op alle beamptes se samewerking staatgemaak.

6. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

7. Vir meer besonderhede kan daar met die volgende beamptes geskakel word:

| | | |
|---|---|---|
| Mnre. V R Gardner | : | Tel. (021) 467 2789 |
| H J Fisher | : | Tel. (021) 467 2819 |

HOOF: ONDERWYS
DATUM 23/3/2001

AREA OFFICE:
AREAKANTOOR: ……………………………………………………

Contact person/Kontakpersoon: ……………………………….
Tel No. : ………………………………………………………

RETURN OF LOGSHEETS FOR THE PERIOD
OPGAWE VAN LOGSTATE VIR DIE TYDPERK ……………………………………
**(PLEASE LIST ALL VEHICLES IN YOUR AREA)**
**(LYS ASSEBLIEF ALLE VOERTUIE IN U STREEK)**

| SUBMITTED LOGSHEETS INGEDIENDE LOGSTATE | | | | OUTSTANDING LOGSHEETS UITSTAANDE LOGSTATE | |
|---|---|---|---|---|---|
| GG-NO. | LOGSHEET LOGSTAAT NO. | KMS. TRAVELLED AFGELê | DAYS USED DAE GEBRUIK | STATION STANDPLAAS | GG-NO. |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| | | | | | |

……………………………… ………………………………

AREABESTUURDER AREA MANAGER

DATUM: ………………. DATE: ……………….